## 25 Mei Lukas 18:1-8 (18:8)

### *Misverstande oor gebed (1)*

Gebed is noodsaaklik en seker die geestelike hartklop van 'n kind van God. Sonder gebed is Christenwees onmoontlik. Daarom vertel Jesus hierdie gelykenis "om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word" (vers 1). Waarom hou mense dan baie keer op met bid?

Partymaal is dit as gevolg van misverstande oor gebed. Met hierdie gelykenis lig Jesus vir ons 'n aantal misverstande oor die gebed uit. Eerstens: Mense hou op bid omdat hulle dink God is soos hierdie onregverdige regter van die gelykenis. Baie mense dink jy moet God moeg maak met jou gebede, want Hy is soos die regter wat nie maklik toegee nie. Hierdie mense dink: God sal eers hulle gebede verhoor na ure se pynigende gebedsessies. Daarom is hulle moedeloos en sien nie eers kans om te begin bid nie.

Hulle verkeer egter onder 'n misverstand.

Jesus stel God reeds in kontras met die onregverdige regter in die gelykenis. God is juis nié soos hierdie slegte regter nie. God is goed. Hy dra ons belange op sy hart want ons is sy uitverkorenes. Hy sal gou help as ons bid. In sy bergrede (Matt 6:7-8) leer Jesus: "Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie... want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra".

So goed is God: Hy sorg vir ons en gee vir ons alles wat ons nodig het vir ons lewens, gereeld, sonder dat ons daarom vra.

Sing: Psalm 31:1,17 Ds. S.J. Briel (Boksburg-Suid)